

# Die Afrikaanse Bybel is 90 jaar oud!

## Agtergrond

Ons vier vanjaar die 90ste herdenking van die Bybel in Afrikaans!

Die eerste Afrikaanse Bybel is in 1933 gepubliseer. Indien daar ooit 'n meer geleë tyd vir die verskyning van die Woord van God in Afrikaans was, dan was dit in 1933. Met volle erkenning aan die betekenisvolle en onontbeerlike plek wat die Nederlandse Statebybel vir byna drie eeue in ons land ingeneem het, het dit in 1933 noodsaaklik geword dat 'n Afrikaanse vertaling van die Bybel verskyn, want die oorgrote meerderheid Afrikaanssprekendes kon nie meer die Hollandse taal verstaan nie. Die Bybel het vir menigte 'n geslote boek geword.

Gelowiges het verlang om in hulle eie hartstaal te hoor hoe die eenvoudige, direkte verteltrant van Samuel, Konings en Kronieke en die Evangelies klink; hulle wou saam met Paulus grawe in die diepsinnige misterie van hulle geloof; hulle wou met verootmoediging die boeteprediking van Jesaja en Jeremia ervaar; verder wou hulle ook graag in hulle geestesoë die magtige apokaliptiese visioene van Johannes op Patmos aanskou; hulle wou saam die hartstogtelike lirieke van Job en die Psalms aanhoor. Sommige wou in die boek van die Psalms selfs verder gaan; hulle wou saam met Dawid, Asaf en die Koragiete aan hulle eie emosies van weeklag en jubeling, van deemoed en verslaenheid in sang uiting gee. Hulle wou ook saam met ander digters in die Bybel in stille verwonderd staan voor God se magtige openbaring – voor sy grootse skepping. Hulle wou veral gehad het dat die Afrikaanse Bybel gewortel moes wees in hulle eie spreektaal.

Hierdie taak het op die skouers van ds JD Kestell, ook bekend as Vader Kestell, dr HCM Fourie, wat grondig onderlê was in die Hebreeuse taal, prof BB Keet, wat van

sy studentejare af hom beywer het vir die Bybel in Afrikaans, prof EE van Rooyen, die teoloog, en dr JD du Toit, algemeen bekend as Totius, geval. Hierdie manne was terdeë daarvan bewus dat hulle werk mensewerk was en ook, wat die taal betref, het hulle besef dat die Bybel van tyd tot tyd hersien sou moes word namate taalgebruik, asook insigte in die agtergrond tot die verstaan van die Bybel ontwikkel.

Op 29 Mei 1933 seil die Carnavon Castle Tafelbaai binne met die eerste besending van 10 000 eksemplare van die Afrikaanse Bybel aan boord. Hierdie eerste volledige Afrikaanse Bybel is op Sondag, 27 Augustus 1933 landswyd feestelik in gebruik geneem.

Sedertdien het daar nog drie vertalings van die Bybel in Afrikaans die lig gesien:

1. In 1983, Die Bybel Nuwe Vertaling.
2. In 2007, het 'n spesiale vertaling vir Dowes, *Die Bybel vir Dowes* verskyn,
3. en op 23 Augustus 2020 word die publikasie van Die Bybel 2020-vertaling feestelik in Bloemfontein gevier.

Vandag is hierdie Bybels ook in verskillende formate soos druk, braile, oudio en digitaal beskikbaar.

Die verskyning van die Bybel in Afrikaans het grootliks tot die ontwikkeling van Afrikaans as taal bygedra. Vandag vloei daar steeds spontaan oor ons lippe Afrikaanse uitdrukkings en gesegdes wat uit die Bybel kom.

Dink maar aan uitdrukkings soos:

1. Die ware Jakob (die regte persoon of ding; na aanleiding van Isak wat sy seun Jakob geseën het onder die indruk dat dit Esau, sy eersgeborene, was) (Genesis 27);
2. of, die klein jakkalsies wat die wingerd verniel (klein dingetjies wat dikwels groot skade/hartseer veroorsaak) (Hooglied 2:15);

3. of, die sondebok wees (onskuldig die skuld vir iets kry; na die bok wat simbolies met die volk Israel se sondes woestyn-in gejaag is) (Levitikus 16:22).

Die skrywer, ds Gert Janse van Rensburg, verwys in sy boek, *Met een voet in die Bybel*, na nie minder nie as 800 Afrikaanse spreekwoorde, vaste uitdrukings, idiome en gesegdes wat op een of ander manier na die Bybel herlei kan word.

Een van die opvallendste kenmerke van die Bybelgenootskap se drie Afrikaanse vertalings (soos ook al 10 die ander amptelike landstale se vertalings) is dat dit nog altyd vanuit deeglike teorievorming en met 'n interdisiplinêre aanpak benader is. Onder die deelnemers van die verlede en hede was daar bo en behalwe teoloë en gelowige moedertaalsprekers uit 'n wye verskeidenheid samelewingsverbande, ook nog gerespekteerde taalkundiges, literatuurwetenskaplikes, literêre kenners en kunstenaars uit die nieteologiese Afrikaanse wêreld wat by die vertaalproses betrek was om te verseker dat vertalings van gehalte gelewer was. Met reg kan daar dus gesê word dat, in die kerk en in die teologie, die Afrikaanse taal nog met eerbied en respek behandel word, ten minste in Bybelvertalings.

Maar van nog groot belangrik is die feit dat die vertalings van die Bybel in Afrikaans bygedra het tot die geloofsvorming van baie Afrikaanssprekendes. Dit kan toegeskryf word aan die groot wonder dat ons, as Afrikaanssprekendes, die Woord van God in ons eie moedertaal, Afrikaans, kan lees. Ons dank die Here vir hierdie gawe.

Mag een en elk van ons met groot en groter wordende waardering die Bybel lees, en in ons lewens toepas. Dra hierdie woorde op jou hart:

“Herhaal dit vir jou kinders en praat met hulle daaroor wanneer jy in jou huis sit en wanneer jy op pad is, wanneer jy gaan lê en wanneer jy opstaan” (Deuteronomium 6:7).

## Eksegetiese riglye

Kom ons voeg nou die daad by die word en lees uit en oordenk die Woord van God.

Ons Skriflesing kom uit: Psalm 119: 105 – 112. Die perikoop word aangedui met die 14de letter van die Hebreuse alfabet, die letter NUN.

Maar eers 'n paar woorde oor die kunstige struktuur en die deurlopende tema van Psalm 119 in sy geheel:

Psalm 119 is die langste psalm in die Psalmboek. Dit weet almal tog. Maar het u geweet dat in die digkuns hierdie psalm bekend staan as 'n akrostese gedig. Die Hebreuse alfabet, wat uit 22 letters bestaan, dien as raamwerk om die opeenvolgende strofes mee te begin. Elke strofe in die gedig bestaan uit 8 versreëls en elke versreël begin met dieselfde letter van die Hebreuse alfabet, sodat daar na elke 8 versreëls met die volgende letter van die alfabet begin word.

Psalm 119 het nie net 'n indrukwekkende strukturele organisasie nie, maar ook 'n herhaling van dieselfde tema. Dieselfde tema word met verskillende variasies in elkeen van die 22 strofes herhaal. Die variasies in elke strofe (8 versreëls) hou ook verband met 8 sinonieme wat herhaaldelik vir die sentrale tema, naamlik die “woord (tôrā) van die Here” gebruik word. In die 1983 vertaling, Die Bybel Nuwe Vertaling, word onder meer die woorde “verordeninge”, “bevele”, “voorskrifte”, “gebooie”, “bepalings”, “weë”, “wet” en “beloftes” as sinonieme of variasies vir “woord van die Here” ingespan.

Met die eerste oogopslag kan Psalm 119 as 'n lofsang op die wet (tôrā), die 10 Gebooie, van die Here verstaan word. So 'n tipering van Psalm 119 hou egter nie rekening nie met die feit dat dit hier primêr om die “woord” van die Here gaan, waarvan die woord “wet” as slegs een van die sinonieme variasies, wat ek so pas

uitgewys het, verstaan moet word. Dit is verder belangrik om daarop te let dat al 22 strofes van Psalm 119 dieselfde trant het, naamlik: hoe die woord van die Here in al sy verskeining- of openbaringsvorme vorm die grondslag vir die psalmdigter se hoop, troos en vertroue – ja, vir die digter se hele lewe! Psalm 119 kan daarom geïnterpreteer word as die bevestiging dat “die woord van die Here”, in al sy variante vorme, die grondslag en die koersbepaler van die gelowige se lewe moet wees.

## **Gebed by die opening van die Woord**

### **Skriflesing: Psalm 119: 105 – 112**

Hou gerus u Bybel oop by hierdie gedeelte want al 8 die versreëls vorm deel van ons oordenking vir vandag.

## **Preekskets**

### 1. Inleiding

Liewe Susters en Broers, ek gaan ons gelese gedeelte, Psalm 119: 105 – 112, vanoggend in drie dele verdeel. Deur hierdie driedeling wil graag die lig laat val op die woord van die Here, wat volgens die psalmdigter in die eerste plek, in verse 105 en 106, ons rig op ons lewenspad. Voorts, in verse 107 tot 110, wil ek die klem laat val op die beskerming wat die woord ons bied. En derdens, in verse 111 en 112 gaan ons sien hoe die woord van die Here ons bron van blydschap is.

### 2. Die woord van die Here rig ons op ons lewenspad, 105 – 106

In vers 105 bely die psalmdigter dat “U woord is ’n lamp vir my voet en ’n lig vir my lewenspad.” Ons almal weet, dat wanneer ’n mens snags buiten toe moet gaan, jy ’n lig nodig het om te sien waar jy moet trap sodat jy nie struikel en val en moontlik seerkry nie. ’n Lig laat jou in die donker sien. Dit wys vir jou die pad

aan. Maar al het jy die sterkste flitslig in jou hand, verlig die ligstraal nie die hele weg na die plek waarheen jy op pad is nie. Die ligstraal verlig slegs die area waar jy jou volgende tree of twee gaan gee. Op dieselfde wyse verlig of rig die woord van God ons op ons lewenspad. Maar net soos die flitslig, dan ook net tree vir tree. In die tyd toe die psalmdigter hierdie gedig geskryf het, het daar nie die verblindende flitsligte wat ons vandag tot ons beskikking het, bestaan nie, nee, sy ou liggie kon die pad waarop hy moes loop maar slegs vir 'n paar tree vooruit verlig. Wat die psalmdigter vir ons wil sê is dat die woord van die Here, soos die lig wat die lamp uitstraal, genoeg is om die pad slegs vir die volgende tree te verlig. Met die daaropvolgende voetval skyn die lig van die lamp op die volgende plek waar hy moet trap. En so sien die reisiger welliswaar nie die hele weg uitgestrek voor hom nie, maar slegs die plek waar hy sy volgende tree moet gee. Met hierdie beeld bevestig die digter aan ons dat dit nie vir ons nodig is om ons hele lewenspad vooruit te sien, want God beskerm ons treetjie vir treetjie. Die woord van die Here rig ons dag vir dag op ons lewenspad, soos wat ons dit nodig het, in die oomblik waarin ons dit nodig het. Ons hoef ons dus nie te bekommer oor wat die dag van môre vir ons inhou nie, want ons hemese Vader weet wat ons alles nodig het (Matteus 6: 31 – 34).

Met die woord van die Here wat sy daaglikse lewenspad verlig, bely die psalmdigter in vers 106 dat hy nie net 'n eed afgelê het om hom te hou aan die woord van die Here nie, maar dat hy hom inderdaad daaraan gehou het. Hy het die regverdige beslissings van die Here nagekom soos hy belowe het. Hy het dus sy lewensreis volgens 'n spesifieke etiese kode ingerig. Soos die Here wil, loop hy deur die lewe. Op die psalmdigter se reis deur die lewe, so sou ek my dit kon voorstel, sou hy byvoorbeeld nie doelbewus op 'n mier trap nie, hy sou die natuur respekteer, hy sou ook uitkyk vir die plekke waar hy moontlik sy toon kon stamp, met ander woorde, hy sou nie die bose gaan opsoek het nie, of hom besig gehou het met beuselagtighede nie, en hy sou 'n genadige reisgenoot

gewees teenoor diegene wat saam met hom op pad was, selfs al het hulle van mekaar verskil.

### 3. Die woord van die Here beskerm ons, 107 – 110

In vers 107 wend die psalmdigter hom tot verbondstaal. Hy bid dat die die Here sy verhouding met Hom sal herstel, dat die Here hom volgens Sy beloftes sal beskerm. En terwyl die Here sy gees vernuwe, bied hy in vers 108, 'n loffer aan tot eer van die Here en belowe hy om hom te hou aan Sy woord. Hierdie offer is uit dankbaarheid, omdat die Here hom gered het van die nete van die goddeloses. Die hebreuse idioom, “My lewe is voortdurend in my hande”, wat die digter in vers 109 gebruik, dui daarop dat hy sy lewe konstant in gevaar ervaar het. Daar is baie uitdagings, versoekings en aanvegtinge, sommige selfs lewensgevaarlik, wat ons daaglik op ons lewenspaaieteekom. Maar ons hoef nie te vrees nie, want soos die “woord” van die Here (107), sy “beslissings” (108), en sy “opdragte” (110) die psalmdigter destyds beskerm het, net so sal die woord van die Here ook vir ons op ons lewenspad beskerm. Ons vind vertrouwe in die woord van die Here. Ons kan dus met vaste tred, in geloof, en met sekerheid weet dat God self sy verbond gestand sal doen - ons kan in die lig van die woord van die Here dus dapper ons daaglikse lewenspaaieteetree.

En sou dit gebeur dat ons verdwaal, of die pad byster raak, dan sal die woord van die Here ons weer op koers kry, sal dit ons lewend maak.

### 4. Die Here se woord is die bron van ons blydschap, 111 – 112

In vers 111 bevestig die psalmdigter dat hy die bepalings van die Here as blywende erfporse ontvang het. Hierdie wete maak hom gelukkig, dit is vir hom 'n vreugde in sy hart. Hier is nie sprake van wettiesisme nie. Nee, hy volg die “woord (tôrā) van die Here”, God se bepalings vir sy lewe, met hart, siel en



verstand. Dit het hy ontvang as erfporisie, so is hy geleer, en daarvolgens rig hy sy lewe met blydschap in.

“Dis die EENTONIGSTE BOEK wat ek nog ooit gelees het”, het ’n jonge dame eendag uitgeroep en die boek waarmee sy besig was, eenkant toe gegooi. ’n Rukkie later ontmoet sy ’n jong man, ’n akademikus van beroep. Hulle besluit om te trou. Een aand vertel sy toe vir hom dat sy ’n boek besit waarvan die skrywer die selfde naam en van het as wat hy het. “Is dit nie nou toevallig nie”, merk sy op. Haar man neem toe die boek by haar en terwyl hy deur die boek blaai, merk hy droogweg op: “Daar is geen toevalligheid verbonde aan die naam van die skrywer van die boek nie, my Lief, ek het hierdie boek geskryf”. Meteens gryp sy boek uit sy hande uit en hardloop sitkamer toe, val op die rusbank neer, en begin om elke woord in die boek te lees. Sy het reg deur die nag gelees. Sy het die boek so interessant en boeiende gevind dat sy dit net nie kon neersit alvorens sy nie elke bladsy daarin gelees het nie.

Wat het verander sedert die vrou die boek die eerste keer prober lees het? Wel, sy het die skrywer leer ken en het op hom verlief geraak.

So is dit ook met die wat die Here ken en hom lief het. Hulle kan ook nie sy Woord neersit nie. Vir diegene wat hulle harte daarop rig, vir wie die woord van die Here ’n lamp vir hulle voete en ’n lig op hulle lewenspad is, vir die wat gekies het om die Here te volg, vir hulle is dit ’n vreugde om die voorskrifte van die Here uit te voer – vir altyd, tot die einde toe. Die vreugde gebore uit liefde vir die Here maak dat ons met oorgawe sy wil wil nakom. Blydschap bring gehoorsaamheid voort, en gehoorsaamheid bring blydschap mee. Die Bybel is nie ’n droë, eentonige en uitgediende boek as jy die Skrywer ken en Hom lief het nie.



## 5. Samevatting

Liewe Broer en Suster, ter afsluiting keer ek terug na Psalm 119 vers 105: “U woord is ’n lamp vir my voet en ’n lig vir my lewenspad.” Die psalmdigter het vanoggend weer eens aan ons kom bevestig dat die woord van die Here ons daaglik rig en beskerm. Hy het ons verder ook daarop kom wys dat die woord van die Here die bron van ons vreugde op ons lewenspad is. Deur die “woord (tôrā) van die Here” te onderhou, dit te bestudeer, deel te maak van ons lewens én daarvolgens te leef, maak dat ons die erfporse wat God aan ons gegee het sigbaar in die wêreld vertoon. Ons kan dus die lewe ten volle geniet, want ons lewenspad word verlig, ons weet waarheen ons op weg is, al kan ons nie om die draaie sien nie, en ons weet dat die Here ons beskerm. Hierdie weete maak ons bly. Daarom is ons dankbaar dat ons ’n Bybel het waarin God hierdie boodskap aan ons geopenbaar het.

Wat ’n voorreg, wat ’n genade, om hierdie lewendgewende Woord in ons eie hartstaal te mag hoor. Met reg kan ons saam met Dawid jubel:

- 5 “Here, my erfdeel, my beker,  
U bepaal my lot.
- 6 Die meetsnoere het vir my  
in lieflike plekke geval,  
ja, my erfenis is vir my mooi.
- 7 Ek sal die Here prys  
wat my raad gegee het,  
selfs in die nag wys my hart my tereg.
- 8 Ek hou die Here altyd voor oë;  
omdat Hy aan my regterkant is,  
sal ek nie struikel nie.
- 9 Daarom is my hart bly  
en juig my binneste;

ja, my liggaam bly veilig,  
10 want U sal my lewe  
nie aan die doderyk oorlewer nie;  
U sal nie toelaat dat u getroue  
volgeling die graf sien nie.  
11 U wys my die pad van die lewe:  
oorvloedige vreugde  
in u teenwoordigheid,  
lieflikhede in u regterhand, vir altyd.  
(Psalm 16: 5 - 8)

**Amen**

**Slotgebed**